

WEEK 11

GEBED IN DIE BINNEKAMER

GOD SOEK 'N LIEFDESVERHOUDING

Ek wil hê jy moet jou indink. 'n Jong man is by die jong vrou vir wie hy ongelooflik lief is. Vanaand is vir hom die groot aand. Romantiese musiek speel en die kerse brand, dan gaan hy so op sy een knie af en gee vir haar 'n rooi roos en sê: *"Ek wil jou my bruid maak vir altyd, ek sal vir jou sorg, ek sal vir jou lief wees en my oor jou ontferm, ek sal altyd aan jou getrou wees."*

Nou wil ek hê jy moet jousef vir 'n oomblik in die vrou se plek sit. Ek wonder wat gaan deur haar kop. Ek dink as sy volwasse en realisties is sal sy haar gedagtes laat gaan oor hierdie man se optrede teenoor haar in die verlede. Sy sal dink aan al die mooi goed wat hy al gedoen het en as hy lelike goed gedoen het sal sy ook daaraan moet dink. As sy sy optrede in die verlede oordink het, sal sy dit verplaas na die toekoms, en dan sal sy vir haar self kan sê: *"Ek sien kans vir die toekoms, hy is 'n man van sy woord, hy het nog altyd vir my gesorg, en my met liefde behandel, hy was getrou."* Dan nadat sy dit oorweeg het, gooi sy haar arms om sy nek en sy sê: *"Ek wil, ek wil graag jou bruid wees vir altyd."*

Wat 'n mooi storie? Hierdie is nie 'n storie nie, dit is die waarheid, daar is net twee verskille. Die een verskil is die meisie is **jy** en die man is die **Lewende God**. Die **Lewende God** het met jou 'n saak. Hy soek met mense 'n lewende liefdesverhouding. Hierdie storie kom uit die liefdesbrief van God aan die mens, Sy bruid.

Hosea 2:13-19

Tog sal Ek weer begin om haar die hof te maak. Ek sal haar na die woestyn toe bring en mooi dinge vir haar sê. 14 Wanneer ons daar is, sal Ek weer vir haar wingerde gee, Ek sal die Akorlaagte 'n poort na 'n nuwe toekoms maak. Dan sal sy weer my liefde beantwoord soos toe sy jonk was, soos toe sy uit Egipte getrek het. 15 Dié dag, sê die Here, sal jy vir My sê: "My man," en My nie meer as 'n Baäl beskou nie. 16 Ek sal sorg dat jy die name van die Baäls nie weer noem nie en dat jy hulle nooit weer aanroep nie. 17 Dié dag sal Ek vir Israel 'n ooreenkoms sluit met die wilde diere, die voëls en alles wat op die grond kruip. Ek sal die wapens vernietig en 'n einde maak aan oorloë in die land sodat daar rus en vrede kan wees. 18 Ek gaan jou my bruid maak vir altyd. Ek gaan jou aan My bind deur my weldade en my goeie sorg, deur my liefde en my ontferming. 19 Ek gaan jou aan My bind deur my onverbreekbare trou sodat jy aan My, die Here, toegewy sal wees.

Dit is God wat sê: *“Ek sal weer begin om haar die hof te maak.”* In die Hebreus word die woord *pathah* wat beteken *“lok, bekoor, vlei of verlei.”* Dit is as te ware of God so na Sy mense kyk en Hy met Sy onweerstaanbare aantreklikheid voor Sy mense, Sy bruid vanaand kom staan en vir hulle kom sê: *“Ek wil jou bekoor met my Goddelike aantreklikheid.”* Met hierdie aantreklikheid van God wil Hy jou so oorrompel dat jy nie anders kan as om Hom lief te hê nie.

God gaan verder in vers 13 as Hy sê: *“Ek sal haar na die woestyn toe bring en mooi dinge vir haar sê.”* Baie keer beland jy in ‘n situasie waarin jy wonder of God jou nie dalk verlaat het nie. God het soms ‘n woestyn nodig om met jou te praat. En wat belof Hy daar? *“Ek sal mooi dinge vir haar sê.”* Dit is as te ware asof Hy jou oor so nader trek en vir jou sê: *“Ek wil mooi woorde met jou praat wat jou binneste aanraak”* staan hier eintlik in die Hebreus.

Dan kom God en maak Hy in hierdie hofmaakproses wonderlike goed. Hoor wat staan hier in vers 14. *“Ek sal vir haar wingerde gee.”* Kan jy jou indink, in ‘n woestyn waar daar geen water is nie, kom gee God vir jou ‘n groen wingerd? Oorvloed, heerlike, lekker sappige druiwe. Dan word God se hartsbegeerte duidelik, dan hoor ons waarom is Hy besig met hierdie hofmakery. In vers 14b-15 staan daar: *“dan sal sy weer my liefde beantwoord, soos toe sy jonk was.”* Dan gaan hierdie hofmakery oor tot ‘n huweliksaanbod. *“Die dag, sal jy vir my sê: “my man.”*

Ek sien Hom in my geestesoog afgaan op Sy knie, soos daardie jongman voor sy meisie. Ek sien Hom met ‘n **kruis** in Sy hand as teken van Sy liefde. Dan sê Hy hierdie ongelooflike gedeelte in vers 18-19.

“Ek gaan jou my bruid maak vir altyd. Ek gaan jou aan my bind deur my weldade en my goeie sorg, ek gaan jou aan my bind deur my liefde en my ontferming. Ek gaan jou aan my bind deur my onverbreekbare trou sodat jy aan my, die here, toegewy sal wees.”

Kan jy sien, dat ons God ‘n God is wat ‘n liefdesverhouding met ons soek. God maak ‘n belofte, Hy belowe eintlik vyf goed, nie omdat ons vir Hom lief is nie, maar **sodat** ons met Hom ‘n liefdesverhouding kan hê. Hy kom maak die pad vir ‘n intieme liefdesverhouding reg. Hy het ons die hof gemaak, Hy het vir ons mooi dinge in ons oor gefluister en nou is Hy bereid om ‘n verbintenis te maak.

Hy kom sê vir jou: *“Ek wil jou my bruid maak vir altyd.”* God se verbintenis stop nooit nie. Al gebeur wat ook al met jou en my, die belofte van God se kant af, is dat Hy vir altyd met ons ‘n intieme liefdesverhouding wil hê, vir altyd.

Hy begin hierdie huweliksbelofte deur te sê: *“Ek gaan jou aan my bind deur my weldade: Eintlik staan daar in die Hebreus “Ek sal my verbind om altyd reg en regverdig teenoor jou op te tree.”* Jy hoef nooit een oggend op te staan en wonder oor God nie. God is nie **“moody”** nie. God is vandag en gister en môre dieselfde.

Die tweede belofte wat God maak, is: *“Ek gaan my aan jou bind deur my sorg.”* Jy hoef nie bekommerd te wees oor die toekoms nie. God sal vir jou sorg, want Hy wil vir jou sorg. Al lê daar ook vir jou swaar dae voor, want hulle gaan kom belowe God dat Hy vir jou sal sorg, al loop jou pad deur die dal van **doodskaduwee**, God sal ook daar vir jou sorg.

Dan gaan God verder en sê: *“Ek gaan jou aan my bind deur my liefde.”* Het Hy nie juis Sy liefde vir jou en vir die wêreld kom wys toe Hy Sy seun gestuur het nie? *“Want so lief het God die wêreld gehad.”* Hy belowe jou dat geen dood of lewe of engele of bose magte of hoogte of diepte, of enigiets in hierdie skepping kan jou van Sy liefde skei nie.

Die vierde ding wat God beloof, terwyl Hy so voor jou staan is: *“Ek verbind my aan jou deur my ontferming.”* Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word is **racham** en in die Engels beteken dit *“tender love, comfort compassion.”* Dit is asof God sê, *“Ek wil my arms om jou slaan. I will comfort you.”* Ons kan by God gemaklik voel, want ons is by die huis.

Dan maak God die finale belofte vir jou en my: *“Ek sal my aan jou verbind deur my onverbreekbare trou.”* Al is ons ontrou, God sal altyd getrou bly. Die toue waarmee God jou aan Hom verbind is onverbreekbaar.

Is dit nie 'n bewys van God se ongelooflike liefde vir jou nie? Natuurlik moet jy hierop antwoord, want God sê: *“Ek beloof hierdie goed, sodat jy vir my kan ken.”* Die Hebreeuse woord vir toewy is **yada** wat beteken 'n intieme liefdesverhouding. Die woord, wanneer dit tussen 'n man en 'n vrou gebruik word dui op die intieme gemeenskap.

Genesis 4:1

Die mens het met sy vrou Eva gemeenskap gehad, en sy het swanger geword. Sy het vir Kain in die wêreld gebring

God se wens vir jou is dat jy in 'n intieme liefdesverhouding met Hom sal hê. Dit is 'n verhouding waarin jy Hom sal erken as jou God. In hierdie verhouding wil Hy hê moet jy vir Hom tyd gee. In hierdie verhouding wil Hy vir jou tyd gee. God staan op Sy een knie. Hy het jou al in die verlede die hof gemaak, Hy het jou nog nooit teleurgestel nie. Hy wys vir jou die **kruis** en sê, *“Ek wil jou my bruid maak vir altyd.”*

‘N BINNEKAMER VERHOUDING

Matteus 6:5-8

Daar is plek vir openbare gebede, daar is 'n tyd wanneer jy God moet herinner aan Sy beloftes. Dit is nodig dat jy vir God moet loof en prys, dit is nodig dat jy jou sondes moet bely en dat jy vir ander moet intree. Al hierdie goed is nodig, maar daar kom 'n tyd wanneer jy in jou binnekamer ingaan en die deur toetrek en wanneer jy net aan jou en jou verhouding met God werk.

Die intieme verhouding tussen 'n man en 'n vrou is 'n noodsaaklike element van hulle huwelik. Dit is in daardie tye wanneer hulle mekaar se intiemste behoeftes leer ken. Niemand anders ken my so goed soos my vrou my ken nie. Hier in die binnekamer is dit net ek en sy en dit is asof daar 'n bordjie buitekant hang wat sê: *"please don't disturb."* Dit is nodig dat jy so 'n verhouding met God moet hê. Daar is tye wat jy in jou binnekamer moet ingaan en wat jy God toelaat om jou intiemste wese binne te dring. Dit is ook daardie tye wat God jou toelaat om Sy intiemste wese te leer ken. Jy sal nooit God se wil vir jou lewe ken, as jy nie soms jou toesluit in 'n vertrek en jy en God deel met mekaar nie. Ons het in 'n vorige lesing gesien dat die Engelse woord vir intimiteit beteken **intimacy** wat 'n mens kan sê: **"into me you see."** God wil jou toelaat om so naby aan Hom te kom dat jy Sy wil kan sien.

Gaan lees maar in die Skrif van die verhouding wat God met Abraham, Hagar, Moses, Dawid, Salomo, die dissipels, Petrus, Johannes, noem maar op gehad het. **Was hulle super-mense?** Nee, hulle was sulke gewone mense soos ons. Dawid was 'n skaapwagter, Hagar was 'n slaaf, Petrus was 'n visserman. Die geheim van hierdie mense was dat hulle met God ontmoet het. Gereeld tyd met Hom spandeer het, sodat hulle Hom kon leer ken.

Niemand kan lief hê as daar nie iemand anders is om lief te hê nie. Daarom vind 'n liefdesverhouding tussen God en 'n mens net plaas omdat dit twee wesens is wat bestaan. Hoe moet die verhouding lyk? Baie soos die verhouding tussen 'n bruid en 'n bruidegom.

Hulle verhouding is baie intiem. Hulle wil mekaar graag beter leer ken, hulle is bereid om mekaar te verdra en te verstaan, hulle gee tyd aan mekaar. Hulle kan nie wag om in mekaar se teenwoordigheid te kom nie. Hulle soek mekaar, hulle smag na mekaar. Hy bring vir haar blomme en sy verras hom met koekies (soms verbrand, maar wat maak die saak).

Jou binnekamer tyd saam met God moet iets raak wat jy nie onderhandel nie. Dit moet vir jou so kosbaar raak dat jy daarna smag. Ons moet eerlik wees, jy kan nie altyd by God in gebed wees in die binnekamer nie. Daar is 'n tyd wat jy daar moet uitkom wanneer jy die wêreld betree. Dan raak jou gebedsverhouding anders met God. Dan vra jy Hom oor besluite, dan bely jy jou sondes, sommer so in die loop van die dag. Jou verhouding met God deur die dag sal spreek van jou verhouding met Hom in jou binnekamer.

PRAKTIESE BINNEKAMERGEBED

Ons moet vir geen oomblik dink dat om 'n intieme verhouding met God te hê is onprakties nie. God is baie prakties met ons. Die manier hoe Hy met ons werk verstom my. Hy is nie verhewe, hoog, onaantasbaar nie. Hy is hier waar jy elke dag leef en werk. Hy wil jou hele lewe met jou deel. Ek hoor baie mense sê: *“jy moet God deel maak van jou lewe.”* Dit is nie wat God wil hê nie. Hy wil **jou lewe** wees.

Vir my is binnekamer tye baie kosbaar, want dit is hier waar ek inspirasie kry vir my werk. Dit is hier waar ek hoor Hy werk, sodat ek by dit kan aansluit. Hoe doen 'n mens dit? Ek wil nou 'n paar praktiese dinge noem, maar asseblief dit kan mos nie die enigste manier wees nie, gaan ontwikkel jou eie binnekamer tyd, maar jy is welkom om van hierdie dinge wat ek noem te gebruik.

Ek dink in die eerste plek moet jy 'n **plek** hê waar jy en God ontmoet. Dit moet 'n plek wees waar jy atmosfeer kan skep. Jou gesin moet weet wanneer jy daar is, mag hulle jou nie pla nie, al bel iemand of klop aan die voordeur. Hierdie is jou ontmoeting met God. Skep atmosfeer, maak vir jou lekker koffie of tee en terwyl jy dit drink begin jy met God praat. Maak die Bybel oop sodat Hy ook met jou kan praat. Jy kan op ander plekke ook vir God intiem ontmoet. Dit kan by jou werk soms wees, of in jou motor, maar jou hoof ontmoetingsplek moet bekend wees. Die reuke, die voorkoms, die gevoel van die plek moet jou aantrek. As jy wil kan jy maar 'n kers of twee aansteek. Plak Bybelverse teen die muur, maak die plek spesiaal, want dit is jou en God se plek. Ek weet dit is nie altyd moontlik om 'n spesiale plek te kry, wat jy so spesiaal kan inrig nie. Gebruik jou inisiatief, skep vir jou 'n plek, skep vir jou atmosfeer. Moenie dat iets jou aandag aftrek nie. Sit jou foon af, of op Airplane Mode, sit die deursklokkie af as jy moet, as dit dan moet hang 'n bordjie uit waarop daar staan *“moenie pla nie, in gesprek met God.”*

Tweedens dink ek 'n **tyd** is belangrik. Maak 'n vaste afspraak met God vir hierdie spesiale ontmoeting met Hom. Jesus het baie keer vroeg in die môre met God gepraat. Partykeer het Hy die heel nag gebid, Hy het ook in die aand gebid. Ek dink persoonlik dat vroeg in die oggend 'n beter tyd is, vir ander mense werk dit op ander tye, maar maak 'n afspraak. Ek praat met baie mense wat sê dat hulle sal dit doen êrens deur die dag, hulle wil nie 'n wettiese verhouding met God hê nie. Ek kan nie daarmee saamstem nie. Die duiwel gaan alles in sy vermoë doen om jou te verhoed om tyd met God te kry. Maak 'n tyd, hou daarby.

Ek wil tog 'n stukkie getuienis lewer. Miskien sal dit mense help wat bang is vir 'n vaste tyd. Ek het vir baie lank 'n vaste afspraak met God gehad. My afspraak was vroeg in die oggend met Hom en ek het probeer om dit streng te hou. Soms het ek dit gemis en dan het ek baie skuldig gevoel. Hoe kan ek 'n afspraak met God mis? Hy gaan my sekerlik straf. As dit dan daardie dag swaar gegaan het kon ek dit altyd blameer op die feit dat ek nie by God uitgekom het nie. Dit het later vir my soos 'n wet geword wat ek moes nakom, dit het soms soos 'n straf vir my gevoel.

Toe op 'n stadium het ek dit net gelos en vir myself gesê: “*Ek kan nie so 'n verhouding met God hê nie.*” Sonde het in my lewe ingesluip en later gemaak dat ek glad nie by God uitgekom het nie. Toe op 'n dag ontdek ek dat God niks anders as 'n intieme liefdesverhouding met my soek nie. Ek het weer Hom begin ontmoet, die ontmoetings was kosbare tye saam met God. Ek het ongelooflik gegroei in my verhouding met Hom. Ek het ook soms hierdie afsprake gemis, maar ek het nie skuldig gevoel nie. Ek was eerder teleurgesteld, wat ek het dit gemis wat God vir my beplan het. Hy weet wat ek nodig het vir die dag en Hy wil dit vir my gee. As ek nie opdaag nie, mis ek sy seën.

God gaan jou nie straf as jy nie opdaag nie, jy gaan net alles wat Hy vir jou beplan het mis. Mettertyd gaan jou verhouding met God versleg. Jy gaan nie meer Sy stem hoor nie en dan doen 'n mens dom dinge. Hoe meer dom dinge jy doen hoe slegter word jou verhouding met God en dan doen jy nog meer dom dinge. Kan jy sien? Dit word 'n bose kringloop. Jy kan dit vandag stop deur jouself te verbind aan 'n nuwe verhouding met God.

Ek bid baie deur die dag, maar nie een van die gebede is vir my so kosbaar en belangrik soos my vroeg-oggend ontmoetings met God nie. Ek het 'n vaste tyd en dan wil ek nie gepla word nie.

As jy nou die tyd en die plek het, kan jy regtig die ontmoeting inkleur soos jy wil. Ek hou daarvan om met 'n **liefdesverklaring** te begin.

Matteus 22:37

Jesus antwoord hom: “ ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand.

Sê vir Hom dat jy vir Hom baie lief is. Wees eerlik. Moenie vir God iets sê wat jy nie bedoel, Hy ken jou binneste. As jy nie baie lief vir God voel nie, sê dit vir Hom. Vra Hom om vir jou 'n liefde vir Hom te gee.

Fokus dan jou gedagtes, ons het by die lesing oor lofprysing daarvoor gepraat. Dink vir 'n oomblik oor God, dink saam met God oor Hom. Sê vir Hom: “*Here, ek wil oor U dink, help my*

om oor U te dink.” Lees miskien ‘n psalm. Leer om regtig te besef wie God is en aanbid Hom daarvoor. Aanbidding is meer as lofprysing. Een van die mees aangrypendste gedeelte (ek het baie sulke gedeeltes) is die verhaal van Openbaring 4, wat ons heel aan die begin gelees het.

Openbaring 4:2-11

Onmiddellik is ek deur die Gees meegevoer. Ek het gesien daar staan ‘n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand. 3 Sy voorkoms was soos opaal en karneool. Om die troon was daar ‘n reënboog met die glans van smarag. 4 Reg rondom die troon was daar vier en twintig ander trone, en op die trone het daar vier en twintig ouderlinge gesit. Hulle het wit klere aangehad, en op hulle koppe was daar goue krone. 5 Daar het weerligstrale, dreunings en donderslae van die troon af gekom. Vlak voor die troon het sewe fakkels helder gebrand. Dit is die sewe Geeste van God. 6 Voor die troon was dit soos ‘n spieëlglatte see, helder soos kristal. Naby, rondom die troon, was daar vier lewende wesens, vol oë van voor en van agter. 7 Die eerste lewende wese het soos ‘n leeu gelyk en die tweede soos ‘n bul; die derde het ‘n gesig soos dié van ‘n mens gehad en die vierde het gelyk soos ‘n arend wat vlieg. 8 Elkeen van die vier lewende wesens het ses vlerke gehad, wat aan die bokant en aan die onderkant vol oë was. Hulle het dag en nag sonder om te rus, gesê: “Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom.” 9 Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, 10 kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê: 11 “Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep.”

In hierdie troonsaal van God kniel en aanbid die hemelwesens, wat op sigself indrukwekkend was, onophoudelik vir God. Die ouderlinge (die kerkleiers) aanbid God ook onophoudelik. Hoekom? Want hulle het iets van God se teenwoordigheid beleef. Hoe meer jy iets van God se teenwoordigheid beleef, hoe meer indrukwekkend sal Hy Hom aan jou openbaar, sodat jy later oorweldig word deur God se heerlikheid en krag.

Die Griekse woord vir aanbid is *pipto* en dit beteken “*om van ‘n hoër plek af voor iemand neer te val,*” of “*om laag te buig, te kniel.*” As jy in hierdie binnekamer van jou kom dan val jy op jou knieë voor Hom en neer en dan word Psalm 95:6 waar. “*Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper!*” Dit is in hierdie binnekamer wat God jou toelaat om Hom te sien soos Hy is. Jy moet net jou oë oop hou en kyk. Dit is net soos in die slaapkamer wanneer ‘n man en ‘n vrou intiem verkeer. Hier kan hulle mekaar regtig sien, soos wat niemand anders hulle ooit sal sien nie.

As jy na hierdie aanbidding nog krag het (moenie bekommerd wees nie, God sal vir jou gee), kan jy aangaan en kan jou intieme gemeenskap met God in intensiteit toeneem. Praat met Hom liefdeswoorde. Laat Hom toe om met jou liefdeswoorde te praat. Lees die Bybel vir wat Hy is. Hoor wat God vir jou wil sê. Hierdie tye is nie Bybelstudie nie. Daar is 'n plek en 'n noodsaaklikheid vir Bybelstudie. Ek gebruik nie 'n dagstukkie tydens hierdie ontmoeting nie, ek wil nie hoor wat het iemand anders van God beleef het nie. Daar is plek vir dagstukkies, maar nie nou nie. Daarom het ek vroeër gesê, daar is nie plek vir 'n derde persoon nie. Daar is mos nie 'n derde persoon teenwoordig as 'n man en 'n vrou intiem verkeer nie. Jou binnekamer tyd is jou en God sin. Gebruik die tyd om Hom te ontdek en laat Hom toe om jouself te ontdek.

Hierdie binnekamer tyd hoef nie lank te wees nie. Dit kan vyf minute wees, dalk 'n half uur, soms 'n uur. As jy klaar is met hierdie intense ontmoeting met God, kan jy oorgaan en al die ander fasette van gebed beoefen. Dan kan jy en moet jy intense Bybelstudie doen, dan bid jy vir ander mense en jou eie behoeftes. Dan vra jy vergifnis van sonde.

Gebed vra **geestelike konsentrasie** deur die dag. Wees bedag op die werking van God deur jou dag. Jy het dalk vir Hom iets gevra, of jy het iets beleef. Deur die dag gaan Hy jou geleenthede gee om te getuig, of gaan dit wat jy gevra het dalk gebeur. Ons aandag word dikwels so afgetrek dat ons nie eers sien wat God doen nie en daarom is ons geestelik arm. As ek die dag sien hoe God geestelik met my werk en deur my werk, bring dit my baie nader aan Hom en groei ek in my liefde en bewondering vir Hom.

Dit doen wondere vir 'n huweliksverhouding as daar 'n goeie intieme verhouding bestaan. Jy kan sommer aan mense sien. Jy sal ook nie onveranderd in die wêreld leef as jy gereeld intieme gemeenskap met God het nie.

Exodus 34:28-35

Hoe meer jy in God se teenwoordigheid is, hoe meer verander Hy jou. 'n Ontmoeting met God maak jou 'n **blink-gesig-mens**. Daarom moet jy weet wanneer jy bid, ontstaan die potensiaal dat God jou kan en sal verander.

HERSIENINGSVRAE

- Wat doen God van Sy kant af om 'n verhouding tussen mense en Hom te bewerkstellig.
- Hoe voel jy oor die feit dat God 'n verhouding met jou soek? Beskryf dit aan iemand.
- Watter soort verhouding soek God met jou?
- Hoe behoort hierdie verhouding te wees?

- Hoe kan 'n mens hierdie binnekamer verhouding prakties maak werk?

OM TE GAAN DOEN

- Maak tyd en kry vir jou 'n plek waar jy intiem met God kan verkeer. Skep die regte atmosfeer. Gaan in met 'n verwagting.
- Maak erns met jou ontmoetings met God, luister na God se hart, laat Hom toe om jou hart te ontbloot. Geniet dit!!!